**2 Januarie**

## Vreugde ná hartseer

**Skrifgedeelte: Johannes 16:16-24**
**Fokusgedeelte: Johannes16:20-22**

Geboortepyne is seker die ergste pyne wat daar kan wees. Die geboorte van ’n kind is seker die wonderlikste vreugde wat ’n mens kan beleef. Dít is die pyn en hartseer wat die dissipels van Christus sou beleef van sy gevangeneming af tot die môre van sy opstanding. Maar van die oggend van sy opstanding af was daar die heerlikste vreugderoepe uit seerkry-harte. Die Here het waarlik opgestaan!

Sedert sy opstanding is daar vir elkeen wat in Hom glo die wonderlikste vreugde wat ’n mens kan beleef. Selfs wonderliker as die vreugde oor die geboorte van ’n baba. In beginsel waarlik hemelse vreugde. Daardie heerlike belofte wat in die hart beleef word: ... Ek lewe en julle sal lewe (Joh 14:19).

In hierdie bedeling is daar nog die treur en die droefheid en swaarkry. En tog: Ons Here en Verlosser het opgestaan. Hy het vir ons die dood oorwin sodat ons saam met Paulus sing: Dood, waar is jou angel; doderyk, waar is jou oorwinning? Deur sy Gees het Hy die beginsel van die ewige vreugde in ons harte gelê. En eendag kom Hy weer! Dan word die vreugde in beginsel vir ons die volmaakte vreugde in die huis van ons Vader.

Hoe kan hierdie sondebedeling ons soms pynig met al sy hartseer, stryd, versoeking, verleiding en die druk van die sondige natuur. Maar ná hierdie seerkry wag daar vir ons die ewige erfenis wat God vir ons bewaar in die hemele en waarvoor ons ook op ons kronkelpaaie bewaar word (1 Pet 1:3-5).

Laat u tog nie deur die hartseer van hierdie sondebedeling beroof van u vreugde in u verlossing deur die lyde, sterwe en opstanding van Christus nie.

*Psalm 89:6 (Totius)* *Ds. Awie Coetsee (Emeritus)*